

**11 Augustus**

**Skrifgedeelte: Johannes 12:20–36**

**Fokusgedeelte: Johannes 12:26**

### **God eer die wat hom eer**

Ons het gister opnuut leer verstaan dat ons hier op aarde is om God te verheerlik.

In die hiernamaals sal ons steeds lewe tot eer van God in alles, maar dit sal van 'n ander orde wees. Daar sal immers nie meer naaktheid, honger, kommer, siekte, armoede en stryd teen die bese wees nie. Ons het net een kans om te midde van soveel ellende vir God en sy (ons) koninkryk te leef. Ons word net een kans gegun om sy genade, barmhartigheid en reg in 'n gebroke wêreld te laat skitter.

In vers 26 lees ons van God se bemoedigende, onbegryplike genade: “As iemand My dien, sal die Vader hom eer.” Wie God eer, word deur Hom geëer. In vers 28 spreek God uit die hemel tot sy Seun: “Ek het my Naam verheerlik, en Ek sal dit weer verheerlik.” Hiermee sê God: *Omdat Christus voortgaan om Hom te laat kruisig, sal die doel van God met sy skepping bereik word* (vergelyk vers 30-31). Christus sal ook 'n Naam bo elke ander naam ontvang!

Hoe het God nie die jong herder Dawid bo sy broers geëer omdat hy God in alles gedien het nie. Dink ook aan Josef en Hanna wat deur God geëer is, omdat hulle betroubaar in die diens van God bevind is. Ons weet dit: Wie sy lewe aan God wy, word deur God gedra en beskerm.

*Sing: Skrifberyming 29:7,8 (melodie Psalm 36) Dr NP Heystek (Wapadrant)*